**Prekonferensiewerkswinkels (klik op die opskrif van elke werkswinkel vir meer inligting, bv. "Werkswinkel 1")**

| | SOMERSET 1 | SOMERSET 2 | SOMERSET 3 | VERGELEGEN |
|---|---|---|---|---|
| 08:30-10:30 | **Werkswinkel 1:**<br><br>**Hoe om jou studente te help om abstrakte konsepte te verstaan**<br><br>*Cecilia Jacobs, Hanelie Adendorff, Karin Wolff* | **Werkswinkel 2:**<br><br>**Leer @ SUN: Maak SUNLearn 'n ruimte waar jy die meeste uit onderrig kan maak**<br>*Lianne Keiller* | **Werkswinkel 3:**<br><br>**Ontwikkel 'n onderrigportefeulje**<br><br>*Karin Cattell, Jean Farmer, Miné de Klerk* | **Werkswinkel 4:**<br><br>**Bevordering van metakognitiewe vaardighede deur eweknie onderrig**<br>*Marisca Coetzee* |
| 10:30-11:00 | **Tee en Koffie** | | | |
| 11:00-13:00 | **Werkswinkel 1 (vervolg):**<br><br>**Hoe om jou studente te help om abstrakte konsepte te verstaan**<br>*Cecilia Jacobs, Hanelie Adendorff, Karin Wolff* | **Werkswinkel 2 (vervolg):**<br><br>**Leer @ SUN: Maak SUNLearn 'n ruimte waar jy die meeste uit onderrig kan maak**<br>*Lianne Keiller* | **Werkswinkel 3 (vervolg):**<br><br>**Ontwikkel 'n onderrigportefeulje**<br><br>*Karin Cattell, Jean Farmer, Miné de Klerk* | **Werkswinkel 4 (vervolg):**<br><br>**Bevordering van metakognitiewe vaardighede deur eweknie onderrig**<br>*Marisca Coetzee* |
| 13:00-14:00 | **Middagete** | | | |
| 14:00-15:00 | **Werkswinkel 5:**<br><br>**Gebruik van buigsame assessering om aktiewe leer te bevorder**<br><br>*Sandra Liebenberg, Nicoline Herman, Anthea Jacobs, Charmaine van der Merwe* | **Werkswinkel 6:**<br><br>**Die digitale akademikus – wat beteken dit vir US?**<br><br>*JP Bosman* | **Werkswinkel 7:**<br><br>**Tegnologie teenoor interpersoonlike kontak in die ontwikkeling van akademiese vaardighede**<br><br>*Jacob du Plessis, Karin Cattell* | **Werkswinkel 8:**<br><br>GEKANSELLEER<br>**Taal vir leer: Implemen[illegible] en - uitd[illegible]**<br><br>*Antoi[illegible] der Merwe, Kim Wa[illegible]mach, Kabelo Sebolai* |
| 15:00-15:15 | **Tee en Koffie** | | | |
| 15:15-16:30 | **Werkswinkel 5 (vervolg):**<br><br>**Gebruik van buigsame assessering om aktiewe leer te bevorder**<br><br>*Sandra Liebenberg, Nicoline Herman, Anthea Jacobs Charmaine van der Merwe* | **Werkswinkel 6 (vervolg):**<br><br>**Die digitale akademikus – wat beteken dit vir US?**<br><br>*JP Bosman* | **Werkswinkel 7 (vervolg):**<br><br>**Tegnologie teenoor interpersoonlike kontak in die ontwikkeling van akademiese vaardighede**<br><br>*Jacob du Plessis, Karin Cattell* | **Werkswinkel 8 (vervolg):**<br><br>GEKANSELLEER<br>**Taal vir leer: Implemente[illegible] en - uitdag[illegible]**<br><br>*Antoine [illegible] der Merwe, Kim Wal[illegible]ach, Kabelo Sebolai* |

<Terug na program>

**Werkswinkel 1**

## HOE OM JOU STUDENTE TE HELP OM ABSTRAKTE KONSEPTE TE VERSTAAN

**TYDSDUUR: 4 URE**

**Fasiliteerders:** Cecilia Jacobs, Hanelie Adendorff en Karin Wolff

Teikengehoor: Dosente wat belangstel om meer te leer oor hoe om hul studente te help om abstrakte konsepte te verstaan en die "taal" van hul dissipline te leer

**Voorvereiste**: Geen

**Voorbereiding**: Bring asseblief enkele voorbeelde van skryfwerk in u vakgebied (bv. in handboeke en u eie klasnotas / Powerpoint-aanbiedings of ander hulpmiddels) asook voorbeelde van studente se skryfwerk (van studente wat goed presteer het, asook van studente wat nie goed presteer het nie), bv toets- of eksamenskrifte of werksopdragte.

Studente vind dit dikwels moeilik om die kloof tussen konkrete en abstrakte kennis oor te steek. Dit is veral opvallend in geskrewe assesseringstake. Dit laat dosente dikwels gefrustreerd en magteloos voel in hul pogings om hul dissipline vir studente oop te maak sonder om ingewikkelde begrippe van alle vakkundigheid te stroop.

Tydens hierdie werkswinkel sal ons kyk na maniere om studente te help om hierdie brug oor te steek sonder om die kognitiewe integriteit van ons dissiplines op te offer. Ons probeer verstaan hoe kennis hanteer word in ons verskillende dissiplines deur die deelnemers die geleentheid te bied om ondersoek in te stel na die manier waarop kennis aangebied word in:

1) Die skryfwerk in hul vakgebied (bv. in handboeke of dosente se klasnotas / ppt-aanbiedings of ander bronne) sowel as,

2) U eie onderrigpraktyke.

Die insigte wat uit hierdie proses na vore kom, sal dan gebruik word om voorbeelde van studente se skryfwerk (bv. geskrewe assesseringstake) te analiseer ten einde vas te stel of ons sin kan maak van hoe die skryfpraktyke van goed- en swak presterende studente verskil van of voldoen aan skryfwerk in u vakgebied. Ten slotte sal ons dit wat ons geleer het in hierdie proses, gebruik om ons te help om uit te vind hoe om ons studente te help om die kennispraktyke in hul gekose vakke te bemeester.

<Terug na program>

**Werkswinkel 2**

## LEER @ SUN: MAAK SUNLearn ‘n RUIMTE WAAR JY DIE MEESTE UIT ONDERRIG KAN MAAK

**Tydsduur: 4 ure**

**Fasiliteerder: Lianne Keiller**

Is jy moeg daarvan om SUNLearn as 'n document-stoorspasie te gebruik? Het jy opleidingsessies bygewoon en toe vergeet hoe om funksies behalwe die Quiz, Opdrag en Lêer te gebruik? Wil jy SUNLearn gebruik om 'n aangename leer- en onderrigruimte vir jou studente en jouself te skep?

Hierdie werkswinkel is vir jou. In hierdie werkswinkel sal jy die potensiële voordele van die gebruik van SUNLearn ondersoek en voorbeelde sien van hoe andere die platform by die US gebruik. Praktiese aktiwiteite en praktiese hulp tydens die werkswinkel sal die bespreking en eweknie-leergeleentheid verbeter.

<Terug na program>

**Werkswinkel 3**

## ONTWIKKEL ’N ONDERRIGPORTEFEULJE

**Teikengehoor:** Alle dosente

**Duur:** 4 ure

**Voorbereiding:** Agtergrondleesstof: Pratt, Collins & Selinger. 2001. Development and Use of the Teaching Perspectives Inventory (TPI). Beskikbaar by **https://cvm.msu.edu/assets/documents/Faculty-and-Staff/Development_and_Use_of_the_Teaching_Pers.pdf**

Voltooi jou TPI aanlyn by **http://www.teachingperspectives.com/tpi/** en bring dit asseblief saam.

**Voorvereistes:** Geen

**Fasiliteerders:** Karin Cattell

Jean Farmer

Miné de Klerk

Oorweeg jy dit om aansoek te doen om ’n institusionele of nasionale onderrigtoekenning of bevordering? Moet jy vir ’n prestasiebeoordeling voorberei of wil jy dalk stelselmatig oor jou onderrig nadink? Dan gaan jy ’n onderrigportefeulje nodig kry.

’n Onderrigportefeulje dokumenteer nie net jou onderrig nie, maar help jou ook om tred te hou met jou groei as ’n universiteitsdosent. Dit bied jou boonop ’n geleentheid om areas vir verdere ontwikkeling in jou professionele leer asook onderwerpe vir navorsing oor onderrig en leer te identifiseer.

In hierdie werkswinkel verken ons die verskillende fases in die ontwikkeling van ’n onderrigportefeulje. Ons begin deur “kritiese refleksie” te bespreek en hoe om dit met betrekking tot jou onderrig te gebruik. Ons ondersoek die komponente van ’n portefeulje, met verwysing na tersaaklike literatuur, en jy kry die geleentheid om hierdie portefeuljestruktuur op jou onderrigpraktyk toe te pas. Met behulp van gevallestudies verken jy verskillende aspekte van jou onderrigkonteks, -oortuigings en -doelwitte, en hoe om ’n geheelindruk van jou ontwikkeling as ’n universiteitsdosent te skep (hierdie elemente is die fundamentele komponente van ’n onderrigfilosofie). Jy oefen hoe om bewyse van jou onderrig te kies en te orden en evalueer die moontlikhede vir digitale portefeuljes.

Gedurende die werkswinkel sal jy jou onderrigervarings met die ander deelnemers kan deel en saam met hulle aan die komponente van jou portefeulje kan werk. Teen die einde van die werkswinkel sal jy ’n voorlopige raamwerk vir ’n onderrigportefeulje asook ’n konsep-onderrigfilosofie gereed hê.

<Terug na program>

**Werkswinkel 4**

## BEVORDERING VAN DIE GEBRUIK VAN METAKOGNITIEWE VAARDIGHEDE DEUR EWEKNIE ONDERRIG

**Teikengehoor: Dosente**

**Tydsduur 4 ure**

**Fasiliteerder:** Marisca Coetzee (Bestuurder: Leeslaboratorium, Taalsentrum)

Universiteitsstudente het meer as dikwels onvoldoende metakognitiewe kennis- en reguleringsvaardighede om hul leer voldoende te reguleer. Die doel van hierdie werkswinkel is om dosente by te staan met die implementering van 'n eweknie onderrigprogram in enigeen van hulle modules om hul studente se doelbewuste gebruik van metakognitiewe reguleringsvaardighede te bevorder wanneer hulle met akademiese materiaal omgaan.

<Terug na program>

**Werkswinkel 5**

## DIE GEBRUIK VAN BUIGSAME ASSESSERING OM AKTIEWE LEER TE BEVORDER

Tydsduur: 14:00 – 16:00

**Fasiliteerders:**

Prof Sandra Liebenberg (Regsfakulteit)

Nicoline Herman (SOL)

Anthea Jacobs (SOL)

Charmaine van der Merwe (SOL)

Sedert die begin van 2017 het SU begin met die implementering van die eksamen- en buigsame assesseringsisteme. Volgens die US Implementeringsplan vir Buigsame Assessering (2015) is buigsame assessering (met die oog op prestasiepuntbepaling) ’n proses waarvolgens ’n student se werk in ’n module sistematies tydens opeenvolgende geleenthede gedurende die semester/jaar deur middel van ’n verskeidenheid assesseringsmetodes, afhangende van die spesifieke vereistes en uitkomste van die module, geweeg en ’n finale prestasiepunt toegeken word, sonder dat die studie met die afneem van ’n formele universiteitseksamen afgesluit word.

As akademikus het u moontlik vrae ten opsigte van die buigsame assesseringsisteem insluitend die volgende: Wat is die praktiese implikasies van buigsame assessering vir onderrig en leer? Wat is die voordele en nadele van die sisteem? Kan dit gebruik word om aktiewe studenteleer aan te moedig en te bevorder?

Aktiewe leer vereis dat studente in betekenisvolle leeraktiwiteite betrokke is en nadink oor wat hulle doen (Bonwell & Eison, 1991). Op hierdie stadium kan die vraag onstaan oor hoe dit moontlik is dat buigsame assessering tot hierdie tipe leer kan lei.

Hierdie werkswinkel sal poog om bogenoemde vrae aan te spreek. Verder sal die ervaring van US akademici wat buigsame assessering in ‘n spesifieke module geïmplementeer het, gedeel word ten einde te illustreer hoe buigsame assessering gebruik is om gevorderde kritiese redenasie sowel as lees- en skryfvaardighede te ontwikkel ten einde student instaat te stel om inhoude krities te evalueer, kennis toe te pas op konkrete gevallestudies en om aktiewe leer te bevorder.

1. Bonwell, C.C., and Eison, J. A. 1991. Active Learning: Creating Excitement in the Classroom. ASHEERIC Higher Education Report No. 1. George Washington University, Washington, DC.
2. Stellenbosch University. 2015. Implementation Plan for Flexible Assessment.

<Terug na program>

**Werkswinkel 6**

## DIE DIGITALE AKADEMIKUS – WAT BETEKEN DIT VIR US?

**Aanbieder:** Dr JP Bosman

**Vorige kennis:** Geen - bloot ‘n belangstelling in die tema en ‘n bereidheid om in gesprek te gaan daaroor (asook om ‘n voor-werkswinkel aanlynaktiwiteit te doen).

**Deelnemers:** Maksimum 30

Daar is ‘n denkrigting wat meen dat die toekoms van hoër onderwys sterk digitaal gemedieër sal wees. Is jy van dieselfde opinie? Dink jy dit is waar van Universiteit Stellenbosch (US)? Het jy al gereflekteer oor jou eie identiteit as akademikus en hoe digitale tegnologie dalk jou loopbaan en identiteit sal beïnvloed? Indien jy oor hierdie sake nadink (of nie!), sal hierdie werkswinkel betekenisvol wees om by te woon. As deel van die werkswinkel sal ons die breër vrae rondom digitale akademieskap bespreek, ons eie digitale voetafdruk en skaduwee ontdek, ’n raamwerk vir die verstaan van die konsep van die moontlikhede rondom die digitale akademikus (as dosent, navorser en gemeenskapsbetrokkene) voorlê, en ook verwys na moontlike praktiese dinge wat ons kan doen om hierdie konsep by US te integreer.

<Terug na program>

**Werkswinkel 7**

## TEGNOLOGIE TEENOOR INTERPERSOONLIKE KONTAK IN DIE ONTWIKKELING VAN AKADEMIESE VAARDIGHEDE

**Teikengehoor:** Alle dosente

**Duur:** 2 ure

**Voorbereiding:** Geen

**Voorvereistes:** Geen

**Fasiliteerders:** Jacob du Plessis

Karin Cattell

*Die werkswinkel word in Engels aangebied.*

Hierdie werkswinkel het ten doel om u te ondersteun in die voorbereiding van u studente vir bevoegdheid in 21ste-eeuse kennisvaardighede. Die oortuiging dat studente hulle aan hul menslikheid behoort te herverbind om buite eiebelang te kan groei dien as agtergrond tot die werkswinkel.

Vermengde leer (VL) bied bruikbare maniere waarop die ontwikkeling van 21ste-eeuse kennis- en loopbaanvaardighede ondersteun kan word. VL kan ook ’n rol in die herontwerp van kurrikula speel. Die VL-benadering tot onderrig en leer benodig egter ook interpersoonlike kontak en deelname om te verseker dat leer verder as die klaskamerervaring strek. Hierdie werkswinkel fokus op 21ste-eeuse loopbaanvaardighede vanuit die literatuur en reflekteer oor die funksie van hierdie vaardighede in die ontwerp van akademiese kompetensie-ontwikkeling in u kurrikula. Die werkswinkel spreek verder die swak punte van die VL-benadering aan wat daarop dui dat dit noodsaaklik is om ook deur ander vorme van betrokkenheid en leer met studente kontak te maak. Hierdie geleenthede vir betrokkenheid vereis interpersoonlike kontak en leer buite die klaskamer.

U sal die geleentheid hê om deel te neem aan gesprekke en aktiwiteite oor hoe u VL deur tegnologieë en alternatiewe maniere van betrokkenheid by leer in u onderrig- en leerkonteks by die US kan gebruik.

<Terug na program>

**Werkswinkel 8**

## TAAL VIR LEER: IMPLEMENTERINGSGELEENTHEDE EN –UITDAGINGS

**Lengte:** 2 uur **Voorbereiding**: geen **Voorvereistes**: geen

**Fasiliteerders**: Antoinette van der Merwe, Kim Wallmach, Kabelo Sebolai

In ooreenstemming met die Senaat, het die US Raad op 22 Junie 2016 die nuwe Taalbeleid vir implementering in 2017 goedgekeur. In teorie skep die beleid geleenthede vir innovasie maar wat moontlik is in 'n spesifieke konteks is soms teenstrydig met die teorie. Die vraag wat ontstaan is hoe 'n dosent die spanningslyne kreatief binne konteksspesifieke praktyk kan navigeer gedurende die eerste jaar van implementering in 2017.

Ten einde meer van die breër konseptuele, maar ook praktykgerigte vrae, aan te spreek sal deelnemers in hierdie werkswinkel kan deelneem aan 'n bespreking oor die volgende aspekte:

- Die basiese beginsels van die Taalbeleid.
- Wat die omvang van meertaligheid as een van die basiese vertrekpunte van die beleid as onderskeidende kenmerk van die Universiteit en US graduand behels.
- Terugvoer van studente oor die implementering van die Taalbeleid gedurende die eerste kwaartaal van 2017.
- Die imlementeringsgeleenthede en -uitdagings in terme van die drie opsies vir taalgebruik in leer en onderrig in die lesing sowel as gedurende addisionele leergeleenthede soos in die beleid gespesifiseer.

Deelnemers sal uitgenooi word om vrae te vra en persepsies met betrekking tot die implementeringsgeleenthede en -uitdagings sowel as kreatiewe konteksspesifieke oplossings te deel ten einde die effektiewe implementering van die nuwe Taalbeleid in leer en onderrig te fasiliteer.